

Uitnodiging vir die nominasie van kandidate vir verkiesing as nie-uitvoerende direkteure in die Raad van Direkteure van die Suid-Afrikaanse Reserwebank

'n Uitnodiging word hiermee gerig vir die nominasie van kandidate vir oorweging as nie-uitvoerende direkteure op die Raad van Direkteure (die Raad) van die Suid-Afrikaanse Reserwebank (die Bank). Drie vakatures sal ontstaan by die Gewone Algemene Jaarvergadering (AJV) wat op 26 Julie 2013 gehou sal word.

Prosedure

Kandidate vir die Raadsaanstellings mag deur enige lid van die publiek, aandeelhouer of huidige direkteur van die Bank genomineer word. Nominasies sal deur 'n onafhanklike Paneel, onder voorsitterskap van die President van die Reserwebank oorweeg word. Lede van die Paneel sluit in 'n afgetrede regter en nog 'n lid, wat beide deur die Minister van Finansies genomineer is, en drie lede wat deur die National Economic Development and Labour Council (Nedlac) genomineer is.

Na oorweging van al die nominasies wat ontvang is, sal die name van kandidate wat deur die Paneel aanbeveel is – nie meer as drie name vir elke Raadsvakature nie – aan alle aandeelhouers van die Bank gestuur word, wat die nie-uitvoerende direkteure by die bogenoemde AJV vir 'n tydperk van drie jaar sal verkies.

Kandidate

Daar word van kandidate verwag om geskik en gepas te wees om die posisies te beklee, en om oor die nodige kennis, vaardighede en ervaring te beskik om op die Raad te dien. Die vakatures wat by die AJV gaan ontstaan sal vir die nywerheidssektor (twee vakatures) en vir die landbousektor (een vakature) wees. Kandidate wat genomineer word moet oor vaardighede in een of beide van hierdie sektore beskik. Daar sal van suksesvolle kandidate verwag word om in ten minste een komitee van die Raad te dien en bywoning van alle Raadsvergaderings word vereis.

Kandidate vir die Raadsaanstellings moet in die Republiek van Suid-Afrika woon en moet voldoen aan die voorskrifte van die Wet op die Suid-Afrikaanse Reserwebank, 1989 (Wet no. 90 van 1989), soos gewysig. Hierdie wetgewing is beskikbaar by www.reservebank.co.za.

Nomination forms


Nominasies vir die vakatures op die Raad moet op die voorgeskrewe nominasievorm gemaak word. Die vorm is verkrygbaar by:

Me S L Reynolds
Sekretaris van die Bank
Suid-Afrikaanse Reserwebank
Posbus 427
Pretoria, 0001
Epos: EXE-NOMINATIONS@resbank.co.za
Faksnr: 012 313 4421
Nominasievorms is ook beskikbaar by www.reservebank.co.za.

Alle nominasies moet op die voorgeskrewe nominasievorm gemaak word en deur middel van elektroniese pos, per faksimile of per pos aan die Sekretaris van die Bank by die bogenoemde adres gerig word.

Sperdatum

Nominasies vir die Raadsaanstellings sluit om 16:00 op Vrydag, 5 April 2013. Geen laat nominasies sal aanvaar word nie.



South African Reserve Bank